
# Seuns Wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander

THINK
DIGITAL ACADEMY



Lionel Messi



Mahatma Gandhi

# Lionel Messi
# (Gebore 1987)



Lionel Messi was elf toe hy gediagnoseer is met 'n toestand genaamd groeihormoontekort. Die toestand het beteken dat sy liggaam nie so vinnig gegroei het soos dit moes nie.

Om dit te behandel, het hy duur medisyne nodig gehad, maar sy pa het in 'n fabriek gewerk en sy ma was 'n skoonmaker, so hulle kon dit nie bekostig nie.



Selfs op daardie ouderdom het Messi ‘n wonderlike talent as sokkerspeler getoon, en 'n span in sy land, Argentinië, wou hom onderteken. Maar die span kon nie vir sy medisyne betaal nie, so hy moes dit van die hand wys.



Volgende het Messi probeer om vir die Barcelona span te speel, hy het die afrigter so beïndruk dat hulle ingestem het om vir sy behandeling te betaal.



Die afrigter was so haastig om hom aan te teken en gesond te kry, hy het die kontrak op die naaste stuk papier geskryf, 'n servet van die restaurant waarin hulle geëet het.



Baie vinnig het Messi homself bewys as een van die grootste sokkerspelers in die geskiedenis.

In 2012 het hy die rekord vir die meeste doele aangeteken in een jaar.

Die vorige rekord was vyf en tagtig en het vir veertig jaar gestaan. Daardie jaar het Messi een en negentig doele aangeteken.



Toe hy gevra was om na die Engelse Premierliga te skuif, het hy nee gesê. Toe hy meer geld as enige ander sokkerspeler ooit aangebied is om by 'n Russiese span aan te sluit, het Messi ook nee daarvoor gesê. Hy het steeds lojaal gevoel aan Barcelona, wat hom as kind gehelp het toe hy dit die nodigste gehad het.



En omdat hy weet hoe dit voel om hulp te benodig, beywer hy hom nou vir die regte van kinders, bestuur sy eie liefdadigheidsorganisasie en skenk geld aan hospitale sodat hulle dit kan bekostig om vir jongmense te sorg wat dit nodig het.



# Mahatma Gandhi

# (1869-1948)



In 1858, na 'n bose en bloedige rebellie, het die Britse weermag beheer oor Indië oorgeneem. Hulle het goeie goed saamgebring, soos medisyne en spoorweë. Maar hulle het ook onskuldige Indiërs geskiet en het miljoene aan hongersnood laat sterf.



Dertig jaar later het 'n negentien jarige man genaamd Mahatma Gandhi na Engeland gereis om regte te studeer. Met sy graad het hy werk gekry en hy was saam met sy gesin gestuur om in Suid-Afrika te gaan werk.




Gandhi was geskok oor die rassisme in Suid Afrika. Hy was eendag geslaan en van 'n trein afgegooi omdat hy geweier het om sy sitplek aan 'n wit persoon af te staan.


Hierdie behandeling het daartoe gelei dat Gandhi met 'n nuwe soort aksie vorendag gekom het genaamd satyagraha.



Satyagraha beteken 'waarheidskrag' en om dit te gebruik beteken om nooit geweld toe te laat nie en net die waarheid te praat. Volgens Gandhi is nie-geweld, nie om bang te wees om te veg nie, dit is net 'n ander tipe bakleiery, dit is om met die hart en verstand te baklei. Dit is om te veg deur te weier om weg te kruip, om weg te hardloop of met wapens aan te val.



Terug in Indië het Gandhi sy landgenote oor sy nuwe taktiek geleer en hulle het dit aangepak om terug te veg teen die Britse. Hulle het die protes gebruik, deur om op te hou om Britse goed te koop en Britse wette geïgnoreer wat vir hulle gesê het wat hulle mag en nie mag doen nie.



In een protes het groot getalle Indiërs opgedaag wat stilweg die mense wat hulle regeer het, teëgestaan.



Toe hulle gearresteer was, het hulle vreedsaam tronke toe gegaan en nog mense het hul plekke ingeneem. Uiteindelik was die tronke so vol, almal moes vrygelaat word.



Uiteindelik, in 1947, het Indië sy onafhanklikheid verkry en die Britse het huis toe gevaar.



THINK

DIGITAL ACADEMY